# GEREFORMEERDE GEMEENTE PTA-MONTANAPOORT

**(Geselsnota vir die week)**

"Die liefde moet opreg wees.
Verafsku wat sleg is
en hou vas aan wat goed is . . ." (Rom. 12:9)

Die laaste 2018 n.C. Midweek! Wat is die Here nie genadig en onbeskryflik groot in liefde nie!

- WEEK NA WEEK.
- MAAND NA MAAND.
- EEN SEISOEN NA DIE ANDER
- VOORMIDDAG EN NAMIDDAG
- DAE EN DINGE

SAAM AAN DIE HAND VAN HOM WAT SY BELOFTES HOU EN MENSKINDERS SE KOERS EN LEWENSGANG BEPAAL.

Mag ek die woorde van Psalm 90:2 met jou deel?

"VOORDAT DIE BERGE GEBÓRE IS,
VOORDAT U DIE WÊRELD VOORTGEBRING HET,
JA, VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID IS U GOD . . . ."

En jy mag weet:

Die Here wat voor die eerste gister was en ná die laaste môre steeds daar sal wees, is ook saam in jou hier en nou . . . . .

Ek groet jou vir nou . . . . En DV 2019 se dae gesels ons weer.

→ Seën toegewens.

→ Vreugdevolle feesdae.

→ Mag daar voor die 2019 dae in die oujaar vir jou 'n rusdag of twee uitgemeet wees.

**Voor ek groet:**

- Wees goed vir jouself.
- Dien die Here.
- Lewe asof vandag jou laaste dag op aarde is.
- Vervul jou roeping en maak n reuse verskil.
- Lag vir jouself, maar wees jouself.

Groete in Jesus Christus.

Dr. Pieter Heystek (ook 'n Montanapoorter)